**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 12 OKTOBER 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van Gemeenskapsdienste Komitee (Art 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. WA Wagener | - | Direkteur Korporatiewe Dienste - waarnemend |
| Mnr. GJ Goliath | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. J Breunissen | - | Direkteur Tegniese Dienste - waarnemend |
| Me. Z Julius | - | Interne Ouditeur: Assistent |
| Me. N Dada | - | Interne Ouditeur: Intern |
| Mnr. NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |
| Me. S Willemse | - | Klerk: Komitee Dienste |

AKSIE

**BKN001/10/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid du Plooy open die vergadering met gebed, waarna die Uitvoerende Burgemeester almal by die vergadering verwelkom.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die twee mentees, naamlik Me. I van Schalkwyk van Knysna Munisipaliteit en Mnr. L Msindo van Saldanhabaai Munisipaliteit, asook die nuutaangestelde Interne Ouditeur: Intern, Me. N Dada.

***

**BKN002/10/2017**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Raadslid MA Wessels – SALGA PEC Engagement - Vredendal
Direkteur Korporatiewe Dienste – SALGA PEC Engagement - Vredendal
Direkteur Tegniese Dienste – SALGA PEC Engagement - Vredendal
Direkteur Gemeenskapsdienste – SALGA PEC Engagement - Vredendal
Bestuurder: Strategiese Dienste – SALGA PEC Engagement - Vredendal
Interne Ouditeur – Kraamverlof

***

**BKN003/10/2017**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Munisipale Bestuurder meld dat die onderstaande Amptenare ‘n kollektiewe belang het, naamlik:

- Direkteur Finansiële Dienste met betrekking tot die item oor “Upper Limits” vir Direkteure; en

- Die waarnemende Direkteur Tegniese Dienste en waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste met betrekking tot die item oor “Revised Transport Allowance Policy”.

***

**BKN004/10/2017**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 26 SEPTEMBER 2017</u>**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 26 September 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (S WILLEMSE)***

***

**BKN005/10/2017**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Sy bedank die volle Raad, Direksie en Bestuurders vir hul betrokkenheid by die Belgiese afvaardiging wat Bergrivier Munisipaliteit die afgelope tyd besoek het; en

- Sy versoek dat die tweede dringende item met betrekking tot die Morawiese Kerk In-Komitee bespreek word.

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Hy bedank die Munisipale Bestuurder en Direksie vir hul inisiatief en alle insette wat gelewer is tydens die elf (11) dae besoek van die Heist-op-den-Berg afvaardiging;
- Hy lig die komitee in dat die "Better Together Games" sal plaasvind op Vrydag 13 Oktober 2017 in Vredenburg en dat 'n groot span van Bergrivier Munisipaliteit sal deelneem;

- Verder bedank hy die Direkteur Tegniese Dienste tesame met sy span vir die afhandeling van veiligheidstoerusting en -klere vir die Tegniese Dienste werkspanne; en

- Dat die Direkteur Tegniese Dienste die aangeleentheid met betrekking tot die ongelisensieerde sleepwa in Redelinghuys dringend opvolg.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (WAARNEMEND)***

Die Munisipale Bestuurder bevestig aan die Uitvoerende Burgemeester dat die identifisering/keuringsproses rakende uitruilstudente vir 2019 aan Heist-op-den-Berg deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee oorweeg sal word.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN006/10/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN007/10/2017**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN008/10/2017**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: "UPPER LIMITS" VIR DIREKTEURE**
**9/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking, waarna sy die Komitee deur die verslag neem.

Die Direkteur Finansiële Dienste lewer kommentaar en meld dat die opgedateerde jaarlikse verslag met betrekking tot Senior Bestuurders teen einde Oktober 2017 aan COGTA gestuur sal word.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (WAARNEMEND) (31 Oktober 2017)***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/10/2017**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die waarnemende Direkteur Tegniese Dienste lei die item in.

Hy lig die Komitee in dat die Staatskoerant no. 41145 van Donderdag 28 September 2017 afgekondig is en dat alle watergebruike beperk word vanaf 25% besparing na 40% besparing vir huishoudelike en industriële gebruik asook 50% vir landbou.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat 'n Spesiale Tegniese Dienste Komiteevergadering gehou word voor Vrydag 20 Oktober 2017 om aanbevelings te maak rakende die implementering van die Staatskoerant binne Bergrivier Munisipaliteit.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (WAARNEMEND) (20 Oktober 2017)***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN010/10/2017**
**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: 'N GEDEELTE VAN PLAAS GROOTE FONTEIN NO. 241, AFDELING PIKETBERG (MEENT) (LĘER VERW: PLAAS NO.241)**
**(15/3/8)**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee neem die aanbeveling in oorweging en wysig die aanbeveling soos volg:

**AANBEVELING: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Gedeelte van Plaas Groote Fontein No. 241, Afdeling Piketberg (Meent) nie benodig word vir die lewering van munisipale dienste vir die betrokke tydperk nie;
2. Dat 'n Gedeelte van Plaas Groote Fontein No. 241, Afdeling Piketberg (Meent) ooreenkomstig die liggingsplan, verhuur word aan Hannes Eksteen (Melkbosfontein Trust) vir 30 dae nadat die Munisipale Bestuurder die huurkontrak onderteken het;
3. Dat daar ten alle tye toesig deur die huurder sal wees wanneer die gedeelte grond bewei word;
4. Dat hierdie munisipaliteit nie verantwoordelikheid sal aanvaar vir enige skade of verliese gelei deur die voorgestelde verhuring van grond nie;
5. Dat die perseel ontruim word na 30 dae nadat die huurkontrak deur die Munisipale Bestuurder onderteken is; en
6. Dat die Raad se voorneme om die Gedeelte van Plaas Groote Fontein No. 241, Afdeling Piketberg (Meent) teen 'n minimale bedrag van R1-00 te verhuur vir 'n tydperk van een (1) maand, geadverteer word vir 14 dae en indien geen besware ontvang word nie, daar voortgegaan word met die verhuring.

***

**BKN011/10/2017**
**INTRODUCTION OF PROPOSED AMENDMENTS TO THE BY-LAW ON MUNICIPAL LAND USE PLANNING**
**15/1/7**

Alderman van Rooy gave a brief background to the item under discussion.

Various inputs and comments were made by the Committee.

**RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1. That the content of the report be noted;
2. That in terms of section 12(2) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) amendments to the By-law on Municipal Land Use Planning be made;
3. That in terms of section 12(3)*(b)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the proposed amendments to the By-law on Municipal Land use Planning be published for public representations; and
4. That the proposed amended By-law on Municipal Land Use Planning and any representations received, be submitted to Council for consideration after publication thereof (as contemplated in paragraph 3 above) has been completed.

***

**BKN012/10/2017**
**<u>REGIONAL SOCIO-ECONOMIC PROGRAMME (RSEP) IN PIKETBERG: CONFIRMATION OF SUPPORT FOR RSEP PROJECTS AND LOCATIONS & ENDORSEMENT OF THE RSEP PROGRAMME: PROCESS FOR IMPLEMENTATION IN MUNICIPALITY</u>**
**9/2/1**

Alderman van Rooy gave a brief summary of the item under discussion.

Various inputs and comments were made by the Committee.

**<u>RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL</u>**

1. That support for the RSEP projects and its locations, identified by the community through the IDP compilation process and prioritized by the Ward Committee Members, **be confirmed,** considering the objectives of the RSEP Programme; and

2. That the RSEP Programme: Process for Implementation in Bergrivier Municipality **be endorsed.**

***

**BKN013/10/2017**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENT: AUGUST 2017</u>**
**(5/1/B, 5/1/1)**

**<u>RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for August 2017.

***

**BKN014/10/2017**
**<u>KONSEP PRESTASIE-BESTUURSBELEID</u>**
**4/7/6**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**<u>AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad die Konsep Prestasie-Bestuursbeleid goedkeur.

***

**BKN015/10/2017**
**HOUSE SHOP POLICY**
**15/1/7**

Alderman van Rooy gave a brief background to the item under discussion.

Various inputs and comments were made by the Committee.

**RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1. That the House Shop Policy for Bergrivier Municipality be approved;

2. The moratorium on the consideration of house shop as imposed by the Mayoral Committee via decision no. BKN013/10/2015 of 17 November 2015, be suspended to allow the consideration of house shop applications in terms of Bergrivier Municipality By-law Relating to Municipal Land Use Planning, taking into consideration the provision in the Zoning Scheme By-law as well as this House Shop Policy, and other legislation which may be applicable;

3. That the current updated inspection report regarding the illegal house shops in Bergrivier Municipality be presented to the Executive Mayoral Committee after completion; and

4. That a strategic session takes place regarding the illegal house shops in Bergrivier Municipality between the Executive Mayoral Committee members, Municipal Manager and the Directors.

***

**BKN016/10/2017**
**BERGHOF BIBLIOTEEK: WYSIGING VAN BIBLIOTEEKURE**
**17/3/4**

Raadsheer van Rooy lei die item in en neem die Komitee deur die aanbeveling.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die ure van Berghof Biblioteek, soos aangeheg as Bylae A, vir 'n proeftydperk van ses (6) maande, dienooreenkomstig gewysig word;

2. Dat die nuwe ure van Berghof Biblioteek op 1 November 2017 in werking tree en daar weer na afloop van die ses (6) maande proeftydperk 'n verslag voorgelê word ten einde die finale ure te bepaal;

3. Dat daar 'n addendum tot die dienskontrak van die Boekepakker/ Skoonmaker: Berghof Biblioteek (Me J Titus) gevoeg word ten opsigte van haar gewysigde werksure; en

4. Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die biblioteekure aan te pas, indien dit nodig sou wees.

***

(***Voordat item BKN017 bespreek word, verlaat die waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste en waarnemende Direkteur Tegniese Dienste die vergadering om 11:45)***

**BKN017/10/2017**
**<u>REVISED TRANSPORT ALLOWANCE POLICY</u>**
**4/5/2/5**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

***('n Koukus geleentheid deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee word toegestaan vanaf 12:00 en die vergadering word hervat om 12:20)***

Na die koukus geleentheid gee die Uitvoerende Burgemeester terugvoer en versoek dat die item terugverwys word, omrede inligting ontbreek en die beleid gewerkswinkel moet word.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die item terugverwys word na die Direkteur Korporatiewe Dienste; en

2. Dat die "Revised Transport Allowance Policy" tesame met die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede en die Direksie gewerkswinkel word.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (WAARNEMEND)***

***

**BKN018/10/2017**
**<u>OORHANDIGING VAN UITSTAANDE DEBITEURE</u>**
**5/1/1**

Raadsdame Crafford lei die item in en gee 'n bondige opsomming met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die oorhandigingsproses uitgestel word tot nie later nie as Vrydag 15 Desember 2017; en

2. Dat die Direkteur Finansiële Dienste by die volgende Finansiële Dienste Komiteevergadering 'n verslag voorlê met betrekking tot die vordering van huidige Debiteure wat oorhandig is.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (15/12/2017)***

***

**BKN019/10/2017**
**AFSKRYWING VAN UITSTAANDE REKENING: (REKENING NOMMER: 184358)**
**5/1/1**

Raadsdame Crafford lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT**

Dat die bedrag van R2 067.43 plus enige verdere renteheffing afgeskryf word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN020/10/2017**
**DROOGTE KORTINGS VIR LANDBOU 2016/17 EN 2017/18**
**4/5/2/5**

Raadsdame Crafford lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeur dat die laat aansoeke aanvaar word en dat die applikante kans gegun word om hul uitstaande dokumente in te handig; en
2. Dat die goedkeuring van die laat aansoeke nie 'n regspresedent skep nie.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

***(Alle amptenare, behalwe die Uitvoerende Burgemeesterskomitee- en Direksielede verlaat die vergadering, waarna die item (023) oor die Morawiese Kerk In-Komitee bespreek word)***

**BKN021/10/2017**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN022/10/2017**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN023/10/2017**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD: MORAWIESE KERK**

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee neem kennis van uitstaande skuld ten opsigte van vullisverwydering in Goedverwacht en Wittewater ten bydrae van R695 640,31 (Goedverwacht) en R551 283,77 (Wittewater), soos bereken tot op 31 Augustus 2017.

Die administrasie versoek strategiese rigting ten opsigte van die pad vorentoe.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee hieroor verdere gesprek sal voer en die Munisipale Bestuurder inlig vóór of óp Dinsdag 17 Oktober 2017.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN024/10/2017**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN025/10/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN026/10/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:30*

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ______________________

***VOORSITTER (UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** ***DATUM***

***